

A6. DIE BOODSKAP VAN DIE BYBELSE SKEPPINGSVERHAAL

1. INLEIDING

Die skeppingsverhaal begin met Genesis 1 en 2. Genesis 1 en 2 is onlosmaaklik deel van die boek Genesis en van die hele Bybel. Elke deel van die Bybel is deel van 'n deurlopende vertelling met geslagsregisters tussendeur. Genesis 1 gaan oor dinge voor enige mens daar was.

Die Bybel is egter nie 'n handboek met natuurwetenskaplike gegewens nie maar het normatiewe betekenis vir die beoefening van wetenskap. God het byvoorbeeld die skeppingsgebeure nie geopenbaar om natuurwetenskaplike gegewens te verskaf, wat gebruik kan word vir die beskrywing van die ontstaan van hemel en aarde en alles op die aarde nie. Die skeppingsverhaal kan wel gelees word in die lig van huidige natuurwetenskaplike kennis om die verhaal beter te verstaan, maar dan sonder om afbreek te doen aan die wese van die geskrewe Woord van God, soos dit omskrywe word in artikels 2 en 3 van die Nederlandse Geloofsbelydenis.

Die skeppingsberigte in Genesis 1 getuig van 'n logiese sistematiesing van die mees basiese tot die mees ingewikkelde. Nadat God hemel en aarde geskep het (Genesis 1:1) was die aarde 'woes en leeg' (onbewoonbaar). In Genesis 1:2 word gestel: "En die aarde was woes (sonder gestalte) en leeg, en die duisternis was op die wêreldvloed, en die Gees van God het gesweef op die waters". Met ander woorde, dit wat geskep is (Gen 1:1), was ten opsigte van die aarde ongevormd ("woes") en leeg buite die waters op die oppervlak van die aarde (Lee¹, 1979 vs1:2g). Daar was geen strukture in die massas nie, want daar was nog nie wette waaraan die massas moes voldoen nie – waar daar nie orde is nie, kan daar ook geen wet wees nie. Die ongeordenheid word ook deur die "watervloed" aangedui.

Op die eerste skeppingsdag het God gesê: "Laat daar lig wees" en daar was lig (Gen 1:3). Daarmee het God lig uit die ongevormde materie van Genesis 1:2 laat voortkom. Volgens ons huidige natuurwetenskaplike kennis moes die materie toe alreeds 'n atoomstruktuur gehad het om 'n bron van lig te kan wees. Hierdie struktuur kon die Gees van God, wat oor die waters gesweef het aan die ongevormde materie gegee het.

Die Hebreeuse woord 'sweef' het twee betekenisse: óf die Gees van God was werksaam op die massas om dit te deurdring en te bevrug met wesenskrag (Lee,

¹ Lee, FN, 1979, Creation and Commission: A New Translation and Commentary on Genesis One Through Three (Jesus Lives Series, Tallahassee, Florida, USA [1979]), elektronies beskikbaar by francisnigellee@dr-fnlee.org.

1979 vs1:2l), óf die Gees sweef daaroor om dit te ondersteun (Calvyn²,1970:29 vs2; kyk ook Ps 104:30 e.v.).

Vandag word lig in koue materie (diodes wat bestaan uit halfgeleiers) opgewek, bekend as LED's ("Light Emitting Diodes"). Die spektrum van hierdie lig is net soos dié van sonlig sowel in die sigbare gebied as in die infrarooi en ultraviolet. Van hierdie lig word vandag gebruik gemaak in kommunikasienetwerke: Ligseine word van een punt na 'n volgende deur optiese kabel oor lang afstande gestuur. Aan die ontvangskant word die ligseine weer deur liggevoelige diodes omgesit in elektriese seine. Die verwagting is dat gloeilampe eersdaags sal plek maak vir LED's, wat aan ons lig sal verskaf. 'n Ander voorbeeld van 'n liggevoelige element is die "CCD" ("charge-coupled device") wat in plat rekenaarskerms en digitale kameras gebruik word. Volgens die natuurwetenskappe ontstaan hierdie lig in materie se atoomstrukture. Lig wat uit die atoomstrukture kom, het die vermoë om sy (lig)energie weer aan die atoomstrukture terug te gee.

Op die tweede skeppingsdag volg die atmosfeer en wolke, terwyl droë grond en see op die derde dag geskei is. Na die skeiding was die aarde nog leeg en onvrugbaar, maar God het dit vrugbaar gemaak deur "die aarde (te laat) voortbring grasspruitjies, plante wat saad gee en bome wat vrugte dra." Op die vierde dag is die warm ligbronne te voorskyn geroep om as tekens (seisoene, dae, jare – Gen 1:14, 1983-vertaling) vir die lewe op aarde te dien. Op die vyfde en sesde dae is 'lewende wesens' voortgebring, waarna man en vrou na die beeld van God geskep is.

2. DIE WOORD *SKEP* (*BARA*)

Volgens die eerste Bybelvers (Gen 1:1) het hemel en aarde 'n begin gehad op 'n tydstip, wat deur God bepaal is: '*In die begin het God die hemel en die aarde geskep*'. Die Hebreeuse woord wat hier met *skep* vertaal is, is *bara*. Hierdie werkwoord word in die Bybel slegs gebruik om 'n handeling van God aan te dui en nooit van mense nie. Dit dui nie alleen die werksaamheid van God aan wat op die ontstaan van die wêreld betrekking het nie, maar kom ook voor as 'n werkwoord van Goddelike magdade, wat in verband staan met die onderhouding of vernuwing van die wêreld.

In *Genesis 1* word *bara* slegs by 3 geleenthede in die skeppingshandelinge van God gebruik, wat aandui dat die woord 'n baie spesiale betekenis in die skeppingsverhaal het. Die woord word in vers 1 gebruik in die skepping van hemel en aarde waarvan die materie nog ongevormd was volgens Genesis 1:2, dan weer in *vers 21* vir die besielde (diere-)lewe ('lewende wesens wat beweeg' 1953-vertaling – 'levende wremelende ziel' Nederlandse Statevertaling) op die vyfde skeppingsdag, en ten slotte by die skepping van die mensepaar Adam en Eva op die sesde skeppingsdag in *vers 27*. In laasgenoemde vers kom die woord driekeer voor om goddelike volkomenheid aan te dui. Andersins word in *Genesis 1* die woord *asah*, wat om te vorm, om te maak, beteken, vir God se

² Calvyn, J. 1970. *Genesis, uitlegging van Johannes Calvijn*, uit het Latijn vertaald door S.O. Los, uitgegee deur W.A. De Groot, Goudriaan.

skeppingshandelinge gebruik. Hierdie woord kom nie slegs voor by skeiding en vorming, soos op die tweede en derde skeppingsdae nie, maar ook by die voortsetting van 'n bepaalde skeppingsdaad, bv. by die vorming van landdiere op die sesde skeppingsdag nadat die seediere en voëls as lewende wesens op die vyfde dag geskep is. Die besielde lewe van seediere en voëls kenmerk ook die landdiere.

Die skepping van die mens is van so 'n groot betekenis dat dit apart vermeld word. Die gebruik van die woord *bara* tot driemaal in *vers 27* dui daarop dat met hierdie skeppingsdaad iets heel besonders in die wêreld tot stand gekom het. 'n Nuwe lewensvorm kom in aansyn, 'n lewensvorm, wat nie alleen die lewe soos dié van diere omvat nie, maar 'n lewe waar die liggaam slegs instrumenteel tot 'n geestelike lewe is. Die geestelike lewe, wat God in die mens *skep*, kan nie uit die fisiologiese funksies van ons liggaamlike bestaan afgelei word nie.

Die onsigbare wêreld, dié van selfbewussyn, waarheid, skoonheid, kennis en insig, is nie vir diere toeganklik nie. Die dier kon God nie ken nie en was daarom nooit 'n verantwoordelike handelende sedelike wese nie. Al is die bou en fisiologiese funksies van die mens baie naby aan dié van sekere aapsoorte, lê die verskil tussen ons en die aap nie in die grootte en soort skedel of enige ander liggaamlike orgaan nie, maar in ons geestelike en sedelike aard en in ons vermoë tot kultuurvorming.

Paleontoloë (fossielkundiges) gee geen aandag aan hierdie grondige verskille nie. As hulle die Bybel sou bestudeer, sou hulle al gou ontdek het dat daar sekere natuurlike ooreenkomste tussen mens en dier verwag moet word. Die vorming van die liggaam van die mens word in dieselfde woorde beskryf as die vorming van die dier. Albei is lewende wesens wat uit die aarde gemaak is. Maar in die mens *skep* God 'n geestelike lewensbestaan binne die liggaamlike bestaan. Omdat die *menswees* so totaal verskillend van die *dierwees* is, kon die mens nie uit die natuur van die dier ontwikkel het nie, soos evolusioniste dit wil hê. Die mens is geskep met hoër lewensfunksies wat nie uit die dierlike funksies afgelei kan word nie.

3. SKEPPING EX NIHILO (UIT NIKS)³

Die woord *bara* word gebruik waar God iets skep wat nog nie daar was nie. So het God, wat Hom in Sy Woord aan die mens openbaar, die heelal (hemel en aarde) *ex nihilo* (uit niks) geskep. Daarom het God absolute beheer oor die materie van hemel en aarde, wat Hy in Sy Alwysheid uit niks daargestel het. Genesis skets 'n "Werksman" wat volledig in beheer van Sy materiale is. Daarom moet die heelal se strukture presies so wees soos God dit wou gehad het.

Hierdie gedagte word nie teruggevind in die antieke wêreld nie. In alle ander godsdienste begin die skepping van die wêreld met 'n soort stof wat alreeds bestaan en wat sy eie inherente aard het. Gevolglik moes die god (die werksman) die materie, wat reeds daar was, gebruik en het hy / sy nie volkome vryheid gehad om die wêreld na sy / haar wil te vorm nie.

³ (Institusie van Calvyn, 1559:1.14.20)

Byvoorbeeld, in die Griekse filosofie voor Christus het die wêreld bestaan uit ewige materie (materie wat altyd daar was) met 'n struktuur van ewige Ideë en Vorme. Volgens Plato se skeppingsmite was die wêreldskepper 'n minderwaardige (hulp)god wat nie vanuit niks geskep het nie, maar wat slegs gedagtes (Ideë) in bestaande lewlose materie ingespuut het. Sy werk was onvolkome omdat materie weerspannige stof was wat die struktuur van Ideë kon weerstaan. Anders gestel, die wêreldskepper se hande was gebind en wel in twee opsigte: Hy het nie sy eie ontwerp kon volg nie, maar wel die model van ewige Ideë; en tweedens, het hy die stempel van Ideë op die chaotiese teenstribbelende materie, wat hy nie self geskep het nie, moes plaas.

Hierteenoor beteken die Christelike leer van skepping *ex nihilo* dat daar geen vooraf bestaande stof met sy eie ingeboude eienskappe was wat beperkinge geplaas het op wat God kon doen nie. As 'n lyn vir 'n Platonis nie presies 'n sirkel was nie, was dit omdat die natuur slegs gedeeltelik suksesvol was in sy realisering van die sirkel as 'n volmaakte meetkundige Idee. Daarenteen sal 'n Christen aanvaar dat God 'n lyn 'n sirkel sou gemaak het as Hy wou. As dit egter blyk dat 'n lyn nie presies 'n sirkel is nie, sal 'n Christen aanvaar dat die lyn dan 'n ander vorm moet hê, byvoorbeeld 'n ellips.

4. PLANTELEWE IS NIE EX NIHILO GESKEP NIE

In Genesis 1 kom die woord 'skep' (bara) slegs by drie geleenthede voor. By elke geleentheid het God iets nuuts geskep, iets wat nog nie daar was nie. Eerstens die materie van hemel en aarde (Gen 1:1,2), tweedens die besielde lewe (lewende wesens, wat beweeg), en laastens die geestelike lewe van die mens (ewebeeld van God). Plante word op die derde skeppingsdag op God se bevel deur die aarde voortgebring (Gen 1:11). Lewe, soos dit in plante voorkom, moes toe alreeds wesenlik in die materie van die aarde in Genesis 1:1 ingeskape gewees het sodat dit nou in plante op God se bevel na vore geroep kon word.

Op grond van die huidige kosmologie word gereken dat die aarde sowat 4,5 duisend miljoen jaar gelede (dmjg) uit gloeiende materie vanaf die oerknal gevorm is. Toe het die eerste geologiese periode "*Hadean*" begin. Hierdie periode strek tot 3,8 dmjg met die vorming van die eerste rotse as stollingsgesteentes uit die gesmelte aarde⁴. Kort daarna, 3,6 dmjg gedurende die "*Archaean*" periode, wat strek van 3,8 tot 2,5 dmjg, het die eerste lewe as eenselliges tevoorskyn gekom, soos uit fossiele in rotse afgelei kan word. Hierdie fossiele van eensellige bakterieë is so klein dat hulle slegs deur 'n mikroskoop gesien kan word. Dieselfde bakterieë kom vandag nog op aarde voor. Dit bevestig die konstantheid van soorte wat deur God volgens Genesis 1 geskep is. Dit sluit nie uit dat daar baie variasies in spesies van 'n soort kan wees nie.

Plante, wat op land groei, omskep chemiese elemente in die grond tot vorme wat as voedsel deur die liggame van mense en diere opgeneem kan word. Miljoene bakterieë in die grond help plante hiermee en moes alreeds in die grond gewees het toe plante deur die aarde op God se bevel voortgebring gewees het (Genesis

⁴ Tyd is eers na die ontdekking van radioaktiwiteit in 1897 aan geologiese tydperke gekoppel.

1:11,12). Daar is tipies 40 miljoen bakterieselle in 1 gram grond en 'n miljoen bakterieselle in 'n milliliter vars water. In totaal is daar 5×10^{30} bakterieë op aarde, wat 'n groot gedeelte van die aarde se biomassa vorm.

Plante bepaal die vlak van die kweekhuisgas, koolsuurgas, in die atmosfeer. As byvoorbeeld die hoeveelheid koolsuurgas in die atmosfeer toeneem, word dit warmer, plante groei dan vinniger en meer koolsuurgas word dan uit die atmosfeer verwyder sodat die vlak van koolsuurgas weer daal. Sodoende help plante dat die atmosfeer nie warmer word nie. Plante moes daarom alreeds daar gewees het om die atmosfeer se temperatuur te reguleer toe die son as 'n ligdraer op die vierde skeppingsdag te voorskyn geroep is. Sodoende is voorkom dat die son die aarde te warm gebak het vir organiese lewe van plant, dier en mens.

Plante soos alge groei ook in die oseane. Wanneer die son die bolaag van oseane warm bak, sal die warm water in die bolaag verhoed dat voedingstowwe vanaf die bodem van die oseane opwaarts styg om die alge te voed. Die alge sorg dan dat die persentasie koolsuurgas in die atmosfeer laag bly. Daardeur bly die bolaag koel en verseker alge dat sy voedingstowwe vanaf die seabodem opstyg en word verseker dat daar 'n groot verskeidenheid van lewe in die oseane is.

Te warm oseane sou baie soorte lewe onmoontlik maak, ook dié van alge, waardeur koolsuurgas in die atmosfeer sou toeneem en die oseane warmer word. Water sou dan vinniger uit die oseane verdamp en deur die warm atmosfeer na die buitenste ruimtes ontsnap totdat die aarde 'n droë planeet word soos sy buurplanete Mars en Venus vandag is.

Vandag begin al hoe meer natuurwetenskaplikes te aanvaar dat die aarde se eerste lewensvorme saam met die nodige fisiese eienskappe van die aarde, atmosfeer en oseane ontwikkel het vir volhoubare lewe. In terme van die Bybelse skeppingsverhaal beteken dit dat hierdie funksie van plante en bakterie vir volhoubare lewe alreeds in werking moes gewees het toe God die seediere, voëls en landdiere op die vyfde en sesde skeppingsdae geskep het anders sou hulle nie kon oorleef nie. Daarom dat plantelewe eers daar moes gewees het voor die son gekom het en diere en die mens geskep is.

5. LEWENDE AARDE

Die natuurwetenskappe onderskei skerp tussen nie-lewende en lewende materie. Lewe kom in sy eenvoudigste vorm voor in 'n sel wat die eienskap het om hom spontaan in meerdere selle te verdeel. Die natuurwetenskappe probeer om 'n antwoord te vind op die vrae: waar het lewe begin en hoe het lewe uit nie-lewende materie ontstaan? Die mees aanvaarde teorie is dat daar in die oertyd 'n oersop was, waarvan die bestanddele onderling met mekaar verbind het om 'n lewendige sel te vorm. 'n Elektriese storm was byvoorbeeld nodig om die verbinding te laat gebeur. Hierdie teorie kon nog nie eksperimenteel bewys word nie – eksperimenteel kon lewe nog nie uit nie-lewende stowwe gemaak word nie en dit lyk ook nie of dit eksperimenteel moontlik is nie.

Die biosfeer is die biologiese komponent van die aarde se stelsels. Ander stelsels is die hidrologiese stelsel, wat die atmosfeer-oseaan-, die grondwater-, rivier- en gletserstelsels insluit, en die tektoniese stelsel (die kontinentale plate). Die

biosfeer omvat alle lewe op aarde, wat in die atmosfeer, in water en op en in die aardkors voorkom.

Bakterieë kan in baie uiteenlopende omgewings leef, soos in warm waters, asook in soliede rots, selfs honderde tot duisende meter ondergronds in stikdonker. Hulle leef in verskillende soorte rotse en gesteentes, selfs so diep as 3,5 kilometer ondergronds in 'n Suid-Afrikaanse goudmyn. Hulle voedsel kom uit die rots waarin hulle hul bevind. In sedimentêre rots is dit organiese materiaal, wat in die neersetting van die sedimentêre lae vasgevang is.

Voor die 1960's is geglo dat deur fisiese omstandighede die regulerende eienskappe van die aarde se atmosfeer en oseane deur eensellige bakterieë toevallig ontstaan het. Sedertdien het die gedagte van 'n "lewendende aarde" al hoe meer veld gewen onder natuurwetenskaplikes. Vandag aanvaar baie dat die aarde se lewensvorme en die fisiese eienskappe van die aarde se oppervlak saam ontwikkel (geëvolueer) het sodat dit geen toevalligheid is nie dat die samestelling van die aarde se atmosfeer, sy temperatuur en die temperatuur en soutinhoud van oseane sodanig is dat lewe daardeur bevorder word.

Hierteenoor is die boodskap van Genesis 1 dat die lewensbeginsel saam met materie *ex nihilo* in die begin (Gen 1:1) geskep is. Daarom dat God in Genesis 1:11 aan die aarde die opdrag kon gee om "grasspruitjies, plante wat saad gee en bome wat vrugte dra ..." voort te bring. Volgens die huidige natuurwetenskaplike kennis sou dit slegs moontlik gewees het as daar eensellige organismes (bakterieë) in die grond (en oseane) was. God het op die volgende (vierde) skeppingsdag die son, maan en sterre voortgebring, en op die vyfde skeppingsdag lewende wesens in die see en die voëls gemaak. Hierdie lewe kon net moontlik gewees het as daar alreeds lewende mikroörganismes was wat deur fotosintese met lig vanaf die son die atmosfeer en oseane koel kon hou en die soutgehalte van oseane kon reguleer.

6. WAT LEER GENESIS 2?

God openbaar sy goddelike Almag in Sy skeppingshandelinge, wat volgens sy Woord oor ses skeppingsdae plaasgevind het. Hierdie skeppingshandelinge is teennatuurlik en getuig van diskrete handelinge met onmiddellike resultate. Daar is geen sprake van 'n geleidelike proses waarin alles met die verloop van tyd oor duisende miljoene jare tot stand gekom het, soos die evolusieteorie dit leer nie. Die handelinge is diskreet met onmiddellike totstandkoming van dit wat geskep of gevorm of tot voorskyn geroep word. Die skeppingshandelinge word afgesluit in Genesis 1:31b met die woorde: "En dit was aand en dit more, die sesde dag." Dan volg Genesis 2:1 met: "So is dan voltooi die hemel en die aarde met hulle ganse leërmag." God het dus sy skepping van hemel en aarde met alles daarin deur teennatuurlike handelinge voltooi.

Die skepping van hemel en aarde in die begin, die daaropvolgende ses skeppingsdae en die sewende dag, soos meegedeel in Genesis 1:1 tot Genesis 2:3, word afgesluit in Genesis 2:4a met die mededeling: "Dit is die geskiedenis van die hemel en aarde toe hulle geskape is". God se teennatuurlike skeppingshandelinge vanaf Genesis 1:1 is nou geskiedenis.

Geskiedenis verhaal altyd gebeur in die verlede. Nou word 'n nuwe tydvak vir God se skepping ingelui. Alles, wat God geskep het, gaan nou voort in die tydsbedeling wat God deur sy teennatuurlike daad as deel van hemel en aarde geskep het. Alles in die hemel en die aarde is in 'n verbygaande tydsbedeling. Wat nou gebeur is die volgende oomblik geskiedenis. Die eerste skeppingsdag is opgevolg met 'n tweede, die tweede met 'n derde, en so meer. Dit is die tydsbedeling, wat ons ken, 'n tydsbedeling wat verby gaan tot die volheid van die tyd, wat in die Bybel met Openbaring afgesluit word.

7. MENS 'n SKEPSEL VAN GOD

Die mens is óf 'n toevallige produk van die natuur, óf die mens is geskape deur God wat Hom in die Skrifte, die Bybel aan ons openbaar. Die Bybel is die Skrifgeworde Woord van God Drie-enig waarin Hy allereers Homself aan ons openbaar. Hy openbaar Homself aan ons as Skepper, Onderhouer, Regeerder en Voleinder van alle dinge, "want uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge. Aan Hom behoort die heerlikheid tot in ewigheid!" (Rom. 11:36).

Dit leer ons dat alles (ook die mens) skepsel van God is. Geen mens kan van hierdie sentrale uitgangspunt wegkom nie. Ook die oerknalteorie waarvolgens die heelal sou ontstaan het, kan nie logies teruggaan na "in die begin" sonder om die grense van sy eie denke te besef nie.

Die Bybel stel dat God oorspronklik 'n onderlinge samehangende verskeidenheid van skepsele geskep het, wat met mekaar op baie maniere saamhang om 'n eenheid te vorm. Elke ding is geskep met 'n eiesoortige bestaanswyse. Breedweg deel ons al die skepseldinge in 'ryke' in, nl. dié van stof, plant en dier. Aan die mens gee die Bybel egter 'n aparte plek. Die mens is na God se beeld geskep, hy / sy is kreatuurlik van aard en in alles van God, die Skepper, afhanklik. Hy / sy is nie 'n dier nie.

8. DIE MENS AS GOD SE VERTEENWOORDIGER⁵

Die Bybel openbaar aan ons dat die Skepper eers die aarde voorberei het as woonplek en werkplek vir die mense en daarna deur 'n besondere beraadslaging en besluit die mense (man en vrou) gemaak het. Die openbaringswoorde in hierdie verband kry ons in Genesis 1-3. maar ons moet dit saam lees met wat ook in die Nuwe Testament byvoorbeeld in Kolossense 1:15-20 staan. Dan sal ons deur die geloof kan weet dat God die Vader deur Christus en die Heilige Gees die wêreld en die mens geskep het. God Drie-enig was werksaam in die skepping:

"God het gesê: Kom ons maak die mens as ons verteenwoordiger, ons beeld, sodat hy kan heers oor die visse in die see, die voëls in die lug, die mak diere, die wilde diere en al die diere wat op die aarde kruip (Gen. 1:26).

God het die mens geskep as Sy verteenwoordiger, as beeld van God het Hy die mens geskep, man en vrou het Hy hulle geskep (Gen.1:27)".

⁵ Wat volg is geneem uit Gerber, J. M. *Die betekenis van 'n Bybelse mensbeeld vir Christelike opvoeding en Christelike onderwys*. In *Voed hulle op*, redakteurs: P H Stoker en J M Gerber. Gepubliseer deur VCHO, Bloenfontein, 1997.

Opvallend dat in die laaste vers die woord skep (*bara* in Hebreeus) driemaal voorkom. Hierdie werkwoord word in die Bybel slegs gebruik om 'n handeling van God aan te dui en nooit van die mens nie. Hierdie werkwoord word in Genesis 1 slegs nog in vers 1, met die skepping van hemel en aarde, en in vers 21, met die skepping van besielde (diere-)lewe, gebruik. Die mens deel fisiologies ook met hierdie skeppinge, maar met die driemaal "*bara*" in Gen.1:27 het God aan die mens 'n aparte plek op aarde gegee.

9. DIE GEHEIMENIS VAN MENSWEES

Oor die geheimenis van ware menswees kan baie gesê word. Die mens word van die begin af aan God verbind as: God se verteenwoordiger, God se beeld, Sy kind, Sy ambassadeur, Sy rentmeester, Sy onderkoning en Sy opdragnemer. Andersyds word die mens volledig met die skepping as skepsel aan die res van die skepping verbind. Ons het dus hier te doen met God se mens in God se skepping. Die mens is 'n unieke wese waarvan sy bestaan op aarde deur al sy belangrike grondverhoudinge bepaal word. Hy is uit die stof van die aarde geformeer en het dus deel aan die stoflike en energetiese lewensaspekte. Hy het 'n lewende wese geword en het ook deel aan die organiese lewensaspek. Hy het verder deel aan die psigiese en sensitiewe lewe waaraan die diere ook deel het maar dan gaan hy tog die organiese en psigiese vër te bowe in die ontsluiting van sy tipies-menslike ewigheidstruktuur waaraan hy as mens alleen deel het.

Wat die geloofsaspek betref kan ons sê dat hierdie geloofsaspek die mens na sy Skepper en oorsprong heenwys en wel op so 'n tipies-menslike wyse dat dit hy alleen is wat bewustelik in God kan glo, Hom kan liefhê en in al sy doen en late Hom kan gehoorsaam en verheerlik. As God die mens oproep om Hom lief te hê met sy hele **hart**, sy hele **siel**, sy hele **verstand** en met **al sy krag** (Markus 12:29-30) dan dui dit op die brandpunt van sy bestaan waar sy hele lewe op God gefokus moet wees. In Bybelse lig praat ons van die mens as 'n religieuse wese wat uniek en geheel-en-al van die dier en die res van die aardse skepping onderskeie is.

10. 'n LEWE GEFUNDEER IN DIE HEILIGE SKRIF

Die reformatoriese belydenis erken God se oppergesag oor alles in die hemel en aarde, insluitend alle fasette van die mens se lewe. As skepsel van God is die mens daarom gehoorsaamheid aan God verskuldig. God gee nie deur die natuur spesifieke opdragte of beloftes aan die mens nie. Dit beteken dat die natuur nie vir die mens kan voorskryf hoe om te lewe en wat reg en wat verkeerd is nie. Die natuur heers nie oor die mens nie, maar God het die mens geskep om oor die natuur te heers. Die mens se gesag oor die natuur is afgelei van God se gesag. Ons leer dan ook uit die Skrif wat ons doel op aarde is en die betekenis van ons opdrag om kultuur te vorm deur oor die natuur te heers.